Conquesta 2014

(Internasionale Meervoudige-keuse Primêre Skool Olimpiades – Gev. 1998)
Conquesta, Posbus 99, Kloof, 3640, Suid-Afrika
Tel: (031) 764-1972 * Faks: (086) 637-7808 of (031) 764-0074
E-Pos adres: conquest@iafrica.com * Webtuiste: www.conquestaolympiads.com



Afrikaans 1 *(Huistaal)* – Graad 4

Welkom by jou Conquesta Olimpiade. Wanneer jy besluit het watter van die antwoorde die korrekte een is, krap die letter op die ooreenstemmende blokkie op jou antwoordvel dood deur **SLEGS** 'n **swart of blou balpunt– of swart kokipen** te gebruik. *(Moet asseblief nie potlode, kleurpotlode, glimpenne, flaterwater of gom gebruik nie.)* Byvoorbeeld, as die antwoord op vraag 4 c is, krap die letter c in die blokkie wat c langs nommer 4 bevat, dood. *(Sien voorbeeld 1 hieronder.)* Indien 'n leerder 'n fout maak en eerder b as die antwoord wil merk, moet c netjies doodgetrek word en b gemerk word *(Sien voorbeeld 2 hieronder.)*

Voorbeeld 1:-

4.	a	b	●	d

Voorbeeld 2:-

4.	a	☞	~~●~~	d

Lees die gedig *'Vriende'* aan die regterkant en beantwoord vrae 1 - 9.

Vriende

Vriende kan jy kies,
maar familie nie.
Kies dus jou maatjies goed
vir jou lewenspad.

Vriende staan jou by,
beur jou op,
breek nie af,
wil altyd luister na wat jy sê.

Vriende maak jou bly.
Vriende skater saam.
Vriende het hope pret.
Vriende speel en baljaar.

Maak dus goeie keuses.
Kies iemand wat omgee,
luister en graag help,
om jou vriend te wees.

1. **Die meervoud van *'lewenspad'*, is .....**
(a) lewenspadde. (b) lewenspade. (c) lewenspads. (d) lewenspaaie.

2. **Die trappe van vergelyking (*vergrotende trap*) van die byvoeglike naamwoord *'goed'*, is .....**
(a) beste. (b) goedste. (c) beter. (d) goeie.

3. **Jy kan nie jou ..... kies nie.**
(a) ouers en maats (b) ooms, tannies, niggies en nefies, oumas en gesin
(c) vriende (d) maatjies

4. **'n Sinoniem vir *'vriende'*, is .....**
(a) maat. (b) maatjie. (c) maats. (d) familie.

5. **As jy iemand *'opbeur'*, laat jy hulle ..... voel.**
(a) slegter (b) dieselfde (c) beter (d) minderwaardig

6. **As jy iemand *'afbreek'*, laat jy hulle ..... voel.**
(a) sleg (b) dieselfde (c) beter (d) opgewonde

7. **Gee die ontbrekende voorsetsel: *Jy is lief ..... jou maatjie.***
(a) op (b) voor (c) langs (d) vir

8. **Die enkelvoud van *'keuses'*, is .....**
(a) keus. (b) keuse. (c) keuses. (d) keusetjie.

9. **Die homoniem van bly in: *'Vriende maak jou bly'* is .....**
(a) Ek is bly omdat ek goeie punte gekry het.
(b) Ek is bly en daarom glimlag ek.
(c) Ek is so bly dat jy geleer het.
(d) Ek bly in Durban.

Lees die aanhalings oor vriendskap en beantwoord vrae 10 - 21.

Maak jou vriendelikheid goedkoop en hou jou vriendskap duur.
~ *C.J. Langenhoven*

Moenie jou vriend vergeet nie; dit sal hom seermaak. Maak jou vyand daarmee seer.
~ *C.J. Langenhoven*

'n Arm mens word selfs deur sy buurman verstoot; 'n ryk man het baie vriende.
~ *Die Bybel - Salomo, Spreuke 14:20*

Daar is geen vinniger en hegter vriendskappe as dié tussen mense wat lief is vir dieselfde boeke nie.
~ *Irving Stone*

10. **Die intensiewe vorm van *'duur'*, is .....**
(a) peperduur. (b) vrekduur.
(c) vreeslik duur. (d) diamantduur.

11. **Die antoniem van *'goedkoop'*, is, ...**
(a) verniet. (b) gratis.
(c) duur. (d) verkoop.

12. **Die antoniem van *'vergeet'*, is .....**
(a) versaak. (b) onthou.
(c) herinner. (d) aankla.

13. **Die trappe van vergelyking (oortreffende trap) van *'seer'*, is .....**
(a) seerste. (b) seër.
(c) seerder. (d) seergemaak.